

Nattes het Degenaar se buikspraak nie nodig

**MENINGS
VAN ONS
LESERS**



PROF. S. J. TERRE-BLANCHE, Rowanstraat 8, Stellenbosch, skryf:

Net soos prof. H. W. Rossouw was ek erg teleurgesteld met prof. J. J. Degenaar se eerste brief in Die Burger van 1 November. Hierdie teleurstelling is vermenigvuldig deur die ontwykende en niksseggende geskarrel wat kenmerkend is vir sy tweede brief in Die Burger van 14 November.

Prof. Degenaar formuleer in sy briewe sekere „riglyne”, wat volgens hom ook deur talle denkende (of anders bekommerde) Nasionaliste in gesprekke met hom onderskryf sou gewees het.

Ek vind dit in die eerste instansie jammer dat prof. Degenaar — wie se partypolitieke loyaliteite baie bekend is — hom die reg aanmatig om namens Nasionaliste te praat. Ek dink Nasionaliste is mans genoeg om vir hulself te praat en het nie hierdie soort buikspraak nodig nie.

PROPAGANDA

In die tweede plek vind ek dit ook jammer dat prof. Degenaar met 'n breë hark van veralgemening mense en standpunte op een hoop probeer hark ter wille van 'n bietjie goedkoop politieke propaganda aan die vooraand van die verkiesing. Voordat prof. Degenaar van enige denkende (of bekommerde) Nasionaliste instemming met die betrokke „riglyne” — soos hý dit formuleer — kan verwag, sal hy heelwat meer spesifiek moet wees. In sy abortiewe poging om op versoek van prof. Rossouw die onduidelikhede in sy eerste brief op te klaar, het prof. Degenaar se tweede brief eer-

der meer verwarring en verwyfeling gesaai.

In sy tweede brief beweer prof. Degenaar dat een manier waarop die Nasionalis hom aan „blanke magsbehoud tot elke prys” skuldig maak, is om te sê dat „volwaardige burgerskap . . . moreel wenslik (is), maar prakties nie haalbaar (is) nie”. Volgens hom impliseer dit dat „behoud van blanke mag — verkry (word) ten koste van moraliteit”.

Hoe wil prof. Degenaar sy obsessie teen „blanke magsbehoud tot elke prys” beëindig? Deur blanke magsoorgawe? Indien deur magsdeling, volgens welke formule? Indien mag gedeel word, sou die blankes dan geen mag meer behou nie? En kan daar dan eers van moraliteit sprake wees as volwaardige burgerskap gerealiseer is?

Weet prof. Degenaar wat die staatsfinansiële implikasies van volwaardige burgerskap is in 'n land met 'n dualistiese ekonomiese struktuur soos ons s'n? Wil hy voorgee dat die verwesenliking van volwaardige burgerskap (soos wat hierdie begrip in die Westerse wêreld verstaan word) oornag prakties haalbaar moet wees? En van wanneer af is 'n stelsel sonder meer immoreel net omdat volwaardige burgerskap nie onmiddellik of binne 'n kort tyd prakties haalbaar blyk te wees nie?

Dit lyk my of prof. Degenaar hom aan 'n baie elementêre denkfout skuldig maak. Dit is die geneigdheid om net in terme van simplistiese en statiese uiterstes te dink en te formuleer. Gevolglik verloor hy nie alleen sin vir die werklikheid nie, maar ook alle sin vir sosiaal-ekonomiese verhoudinge en vir die institusionele proses waarvolgens politieke veranderinge op 'n evolusionêre wyse plaasvind.

Die volgende sin is 'n ware juweel van prof. Degenaar se geneigdheid tot „polarisasiedenke”: „Die behoud van blanke mag word verkry ten koste van moraliteit.”

'n Mens wat met leunstoel-filosofie van die werklikheid probeer ontvlug, verkeer dalk in die waan dat dit in die

politiek gaan oor mag óf moraliteit. Prof. Degenaar moet liefs daarvan kennis neem dat dit in die praktiese politiek inderdaad gaan oor mag en moraliteit. Terwyl Andy Young in die laaste tyd vir so 'n oordosis van morele voorskrifte gesorg het, sal dit miskien gerade wees dat prof. Degenaar nie ongekwalifiseerd so 'n hoë morele toon aanslaan nie!

Ek vind die volgende sin in prof. Degenaar se brief ook besonder naïef: Die pluralisme neem 'n tussenposisie in tussen die nasionalisme en die liberalisme en is in staat om die waarde en die gebrek van albei posisies in 'n plurale samelewing te beskrywe.”

Wat sê dit nou eintlik?

Stilswye van Hitler se „seun” helder

G. L. BERTRAM, Tweede Laan 2, Woodlands, Simonstad, skryf:

Die historikus dr. Werner Maser het volgens 'n Britse koerant 'n seun van Adolf Hitler opgespoor, het Die Burger op 31 Oktober berig.

1. Dr. Maser is blykbaar nie goed ingelig nie. Die vader van Adolf Hitler, Alois, is gebore voordat sy moeder met sy vader getrou het. Alois het dus aanvanklik die van Schicklgruber gehad, en ná die huwelik van sy ouers die van Hitler (sy pa se van).

2. Die seun van Alois Hitler, die later Führer Adolf Hitler, het altyd, soos blyk uit fotostatiese afdrukke van sy skoolrapporte en sy Soldbuch (diens- en soldyboek), die van Hitler gedra.

3. Dit lyk my tegnies onmoontlik dat 'n korporaal (Gefreiter) Adolf Hitler hom as Schicklgruber teenoor die moeder van sy kind kon legitimeer. Sy soldyboek stel duidelik: Hitler.

4. Die stilswye van die vermeende seun is duidelik. Die Sowjet-Unie het in die deel van Oostenryk wat hy beset het, alle bloedverwante van Adolf Hitler vermoor.

Dink prof. Degenaar weer in terme van polariserende uiterstes? Of probeer hy om aan „pluralisme” 'n goeie betekenis toe te dig omdat dit kwansuis 'n tussenposisie in tussende tussen twee uiterstes wat hy (by implikasie) afwys?

Met so 'n lompe formulering is daar klaarblyklik weinig verskil tussen die posisie van prof. Degenaar met sy „tussenin-pluralisme” en dié van die persoon wat hom spreekwoordelik in die hope-lose tussenin-posisie tussen twee vure bevind!

Maar om terug te keer tot die staatsfinansiële implikasies van volwaardige burgerskap en die moraliteit in die politiek: As lid van die Theron-kommissie het ek my in die besonder daarvoor beweer om die proses wat uiteindelik op volwaardige burgerskap vir die Kleurlinge moet uitloop, te versnel ter wille van die verwesenliking van groter regverdigheid. As ekonoom is ek egter daarvan bewus dat die staatsfinansiële implikasies van volwaardige burgerskap so verreikend is en dat die bykomende belastinglas wat dit onmiddellik sou vergroot is dat elke poging om dit oornag of te vinnig te bewerkstellig, eenvoudig groot ekonomiese ontwrigting in die moderne sektor van die ekonomie sou veroorsaak.

WAARDERING

Toe die Regering die witskrif oor die Theron-verslag ter tafel gelê het, het ek my waardering daarvoor betuig dat byna al die aanbevelinge wat met die sosiaal-ekonomiese opheffing en die ontwikkeling van die Kleurlinge te maak het, in beginsel aanvaar is. Ek het egter ook nie geskroom om my teurstelling te betuig omdat daar geen aanduiding was van hoeveel méér aan Kleurlingontwikkeling beste gaan word nie. Intussen is etlike bykomende miljoene rande vir Kleurlinghuisvesting beskikbaar gestel.

Maar dis veral belangrik dat die Regering na aanleiding van aanbeveling 178 met

die kommissie saamgestem het dat die huidige politieke bedeling vir die Kleurlinge ontoereikend is, en gevolglik besluit het om 'n nuwe grondwetlike bedeling in te stel wat daarop bereken is om die onderhandelingspolitiek te *institutionaliseer*. Dat daar sedert die Theron-verslag 'n versnelde proses aan die gang is in die rigting van volwaardige burgerskap en 'n meer regverdigde bedeling vir die Kleurlinge, kan niemand ontken nie.

SAAMPRAAT

Indien prof. Degenaar se betoog gegrond was op die argument dat hierdie proses te stadig verloop, sou ek nie alleen met hom saamgestem het nie, maar ook graag met hom saamgepraat het. Ongelukkig is sy betoog in albei briewe nie op sodanige argumente gegrond nie, maar wel op 'n skerp, ongemotiveerde en eensydige veroordeling van die Nasionale regering. Hy probeer inderdaad die indruk wek dat alles wat in hierdie land verkeerd en onvolmaak is — van welke hoek 'n mens dit ook al bekyk — die skuld van die Regering en die blankes is.

Net soos prof. Degenaar sou ek ook graag met ander wil besin oor 'n regverdiger bedeling wat op sigself reeds die wêreld die beskaafde uitdaging kan bied. Maar ons omstandighede is te ernstig en te kommerwekkend om die spel van prof. Degenaar te speel, nl. om weinig sin vir sosiaal-ekonomiese verhoudinge en die dinamiese prosesse in die Suid-Afrikaanse politiek aan die dag te lê, en om in die plek daarvan te verkies om polariserend te dink in terme van statiese en absolute uiterstes.

Iemand wat so 'n ingesteldheid teenoor die werklikhede van Suid-Afrika openbaar, sny ongelukkig die moontlikheid vir gesamentlike besinning en vir die ontginning van die kreatiewe moontlikhede van gesprek en onderhandelinge af. Dit is baie jammer.

BRIEFKRYWERS word vriendelik daaraan herinner dat, vanweë die verkiesing op 30 November, alle briewe met 'n politieke strekking ingevolge die wet onderteken moet word en dat die skrywers se volledige adres verstrek moet word. 'n Posbusnommer is nie genoeg nie.